Woensdag **20 Maart**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 3:1-6**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 3:5-6**

**Christus is groter heerlikheid waardig as Moses**

Daar is min mense in die Ou Testament wat die eer en status van Moses het. Hy was die groot profeet-wetgewer-leier van die volk Israel. Hy is deur die Here geroep om sy volk uit Egipte te lei; hy het talle wonderwerke van die Here beleef; die Here het hom op ’n kragtige wyse gebruik. Dit is daarom nie vreemd dat Moses ’n verhewe posisie binne die denke van die Ou-Testamentiese gelowiges gehad het nie.

In Hebreërs 3:1-6 wys die Hebreërskrywer dat Christus nog meer heerlikheid waardig is as Moses. In hierdie verse vergelyk hy Christus en Moses. Dit doen hy nie om Moses te verkleineer of om aan te dui dat Moses nie getrou was nie. Hy beklemtoon eerder dat Christus getrou was in ’n nog groter en beter manier as Moses.

In ons fokusverse – wat die klimaks van hierdie Skrifgedeelte vorm – sê die Hebreërskrywer dat beide Christus en Moses getrou was in hulle ampte. Maar daar is ’n verskil: Moses was getrou as “dienaar”, terwyl Christus getrou was as “Seun”. Meer nog, Moses was getrou “in” die huishouding van God as ’n lid van daardie huishouding. Christus, daarteenoor, was getrou “oor” die huishouding van God; Hy is Heerser oor die huishouding! En wat het Christus se getrouheid nie alles ingesluit nie? Daarom is Christus groter heerlikheid waardig as Moses (Heb. 3:3).

Ons troos is dat ons deel is van God se huishouding. Ons roeping is om alles in die stryd te werp om in die geloof te volhard. Ons moet styf vashou aan die hoop wat ons bely (Heb. 3:6; vgl. Heb. 10:23). Ons moet die oog gevestig hou op ons Here Jesus Christus (Heb. 3:1; vgl. Heb. 12:2).

*Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2*

*Prof. AJ (Albert) Coetsee (TSP)*